- (a) has under the provisions of sub-section (2) of section *thirty-five* deducted or withheld from any amount referred to in paragraph (b) of sub-section (1) of section *nine* in respect of any other person's obligation to pay normal tax; or
- (b) is under the provisions of section *ninety-nine* required to pay in respect of any tax due by any other person and has deducted or withheld from any moneys, including pensions, salary, wages or any other remuneration held by him for or due by him to such person; or
- (c) has under the provisions of paragraph 2 of the Fourth Schedule deducted or withheld by way of employees' tax from remuneration paid or payable by him to any other person, but not paid to the Commissioner at the date of the sequestration or assignment of the debtor's estate under the law relating to insolvency, or if the debtor is a company, at the date of commencement of the winding-up of the debtor under the law relating to companies, and any interest payable under this Act in respect of such amount in respect of any period prior to the date of the sequestration or assignment of the debtor's estate or the date on which the winding-up of the debtor commenced, as the case may be, shall, notwithstanding anything to the contrary in any other law contained, have priority over all debts whatsoever other than debts secured by special mortgage, tacit hypothec, pledge or right of retention and the expenses, costs, fees and charges referred to in the Insolvency Act, 1936 (Act No. 24 of 1936), and in the case of the winding-up of a company, all expenditure properly incurred in the winding-up, including the remuneration of the liquidator."

Insertion of section 110bis in Act 58 of 1962.

18. The following section is hereby inserted in the principal Act after section *one hundred and ten*:

"Application of certain provisions of provincial ordinances imposing personal and income taxes.

110bis. (1) For the purposes of this section—
 'income tax payer' means any person who for the purposes of sub-section (1) of section *sixty-six* is a person liable to taxation under the provisions of this Act, and any person, whether or not liable to such taxation, whom the Commissioner has, on or before the final date prescribed in the relevant ordinance of the provincial council for the payment of personal

- (b) deur in paragraaf (b) van genoemde sub-artikel die woorde „te betaal wanneer dit” deur die woorde „of ingevolge artikel *nege-en-tagtig* betaalbare rente te betaal wanneer dié belasting of rente” te vervang, en deur in daardie paragraaf na die woord „belasting” waar dit die tweede maal voorkom die woorde „of rente” in te voeg;
- (c) deur aan die end van paragraaf (c) van genoemde sub-artikel die woorde „of enige rente ingevolge artikel *nege-en-tagtig* deur hom betaalbaar” by te voeg;
- (d) deur in sub-artikel (3) na die woord „betaalbaar” waar dit die eerste maal voorkom die woorde „of rente ingevolge artikel *nege-en-tagtig* betaalbaar” in te voeg;
- (e) deur by genoemde sub-artikel die woorde „of die rente betaalbaar is ten opsigte van so ’n gedeelte van die belasting as wat aldus betaalbaar is ten opsigte van die inkomste van sy vrou, na gelang van die geval” by te voeg;
- (f) deur in sub-artikel (4) die woorde „kragtens hierdie Wet” te skrap; en
- (g) deur die volgende sub-artikel by te voeg:
 „(5) Soveel van enige rente betaalbaar ingevolge artikel *nege-en-tagtig* as wat betrekking het op ’n gedeelte van ’n belasting wat ingevolge sub-artikel (4) verhaalbaar is uit die bates in daardie sub-artikel bedoel, kan ook uit bedoelde bates verhaal word.”.

17. Die volgende artikel word hierby na artikel *drie-en-negentig* in die Hoofwet ingevoeg:

„Voorrang van belastingen deur werk-gewers en andere afgetrek of teruggehou.

93bis. ’n Bedrag wat ’n persoon (hieronder die skuldenaar genoem)—

- (a) ingevolge die bepaling van sub-artikel (2) van artikel *vyf-en-dertig* van ’n in paragraaf (b) van sub-artikel (1) van artikel *nege* bedoelde bedrag ten opsigte van ’n ander persoon se aanspreeklikheid vir die betaling van normale belasting afgetrek of teruggehou het; of
- (b) ingevolge die bepaling van artikel *nege-en-negentig* ten opsigte van ’n belasting deur ’n ander persoon verskuldig moet betaal en van gelde, met inbegrip van pensioene, salaris, lone of ander besoldiging, wat deur hom gehou word vir of deur hom verskuldig is aan die ander persoon afgetrek of teruggehou het; of
- (c) ingevolge die bepaling van paragraaf 2 van die Vierde Bylae by wyse van werknemersbelasting van besoldiging deur hom aan ’n ander persoon betaal of betaalbaar afgetrek of teruggehou het, maar nie aan die Kommissaris betaal het nie op die datum van sekwestrasie of afstand van die skuldenaar se boedel ingevolge die wet op insolvensie, of indien die skuldenaar ’n maatskappy is, op die datum wanneer begin word met likwidasië van die skuldenaar ingevolge die wet op maatskappye, en enige rente ingevolge hierdie Wet betaalbaar ten opsigte van sodanige bedrag ten opsigte van ’n tydperk voor die datum van sekwestrasie of afstand van die skuldenaar se boedel of die datum wanneer begin is met likwidasië van die skuldenaar, na gelang van die geval, het, ondanks enige andersluidende wetsbepalings, voorrang bo alle skulde hoegenaamd, behalwe skulde wat deur spesiale verband, regshipoteek, pand of retensiereg gewaarborg is en die uitgawe, koste, gelde en aansprake bedoel in die Insolvensiewet, 1936 (Wet No. 24 van 1936), en, in die geval van likwidasië van ’n maatskappy, die uitgawes behoorlik opgeloopt in verband met die likwidasië, met inbegrip van die besoldiging van die likwidateur.”.

Invoeging van artikel 93bis in Wet 58 van 1962.

18. Die volgende artikel word hierby na artikel *honderd-entien* in die Hoofwet ingevoeg:

„Toepassing van sekere bepalinge vir doeleindes van provinsiale ordonnansies wat persoonlike en inkomstebelastinge betref.

110bis. (1) By die toepassing van hierdie artikel beteken—

„inkomstebelastingbetaler’ iemand wat by die toepassing van sub-artikel (1) van artikel *ses-en-sestig* ingevolge die bepalinge van hierdie Wet belastingpligtig is, en iemand, ongeag of hy aldus belastingpligtig is al dan nie, wat die Kommissaris op of voor die finale datum voorgeskryf in die betrokke ordonnansie van die provinsiale raad vir die betaling van persoonlike

Invoeging van artikel 110bis in Wet 58 van 1962.

tax by a person who is not liable for normal tax called upon to furnish a return of income under this Act, and includes any person in respect of whose income a return is in terms of this Act called for through an agent or representative taxpayer;

'year of assessment', in relation to any personal tax or income tax leviable under any ordinance of a provincial council, means any period, whether of twelve months or not, in respect of which such tax is chargeable.

(2) Subject to sub-section (3) of this section the provisions of section *three*, sub-sections (1) and (3) of section *four*, sections *sixty-five*, *sixty-six*, *sixty-eight*, *seventy-three*, *seventy-four*, *seventy-five*, *seventy-six* and *seventy-seven*, sub-section (1) of section *seventy-eight* and sections *seventy-nine*, *eighty*, *eighty-nine* to *ninety-two*, inclusive, *ninety-four* to *ninety-seven*, inclusive, *ninety-nine*, *one hundred*, *one hundred and two*, *one hundred and four*, *one hundred and five* and *one hundred and six*, shall *mutatis mutandis* apply for the purposes of any ordinance of a provincial council imposing any tax on persons or the incomes of persons other than companies as though such provisions had been enacted as part of such ordinance.

(3) For the purposes of sub-section (2)—

- (a) any reference in the provisions referred to in that sub-section—
- (i) to this Act shall be construed as a reference to the relevant ordinance;
 - (ii) to tax, taxation or normal tax shall be construed as a reference to the personal tax or income tax leviable under the relevant ordinance;
 - (iii) to a taxpayer shall be construed as a reference to any person chargeable with any personal or income tax leviable under the relevant ordinance;
 - (iv) to any officer engaged in carrying out the provisions of this Act shall be construed as a reference to any officer engaged in carrying out the provisions of the relevant ordinance;
 - (v) to any return in respect of any year of assessment required to be furnished under this Act shall, in the case of any person who is not an income tax payer, be construed as a reference to any declaration in respect of any year of assessment required to be furnished by such person under the relevant Ordinance;
- (b) any return required to be furnished under this Act by any person who for the purposes of this section is an income tax payer shall be deemed to be a return required to be furnished for the purposes of the relevant ordinance;
- (c) the provisions of sub-sections (1) to (5), inclusive, of section *sixty-six* and sections *seventy-seven* and *seventy-nine* shall, in the case of any person who in respect of the year of assessment under charge is not an income tax payer, not apply for the purposes of the relevant ordinance;
- (d) the provisions of section *seventy-six* shall not apply in respect of any tax on persons contemplated in sub-paragraph (a) of paragraph 8 of the First Schedule to the Financial Relations Consolidation and Amendment Act, 1945 (Act No. 38 of 1945);
- (e) if any objection or appeal is lodged under the provisions of paragraph (b) of sub-section (2) of section *seventy-six*, as applied by this section, the provisions of this Act relating to any objection and appeal under the said paragraph (b) shall *mutatis mutandis* apply;
- (f) notwithstanding the provisions of sub-section (1) of section *eighty-nine*, as applied by this section, the personal tax payable by any person

belasting deur iemand wat nie aan normale belasting onderhewig is nie, aangesê het om 'n opgawe van inkomste ingevolge hierdie Wet te verstrek, en ook iemand ten opsigte van wie se inkomste 'n opgawe ingevolge hierdie Wet deur 'n agent of verteenwoordigende belastingpligtige aangevra word;

jaar van aanslag', met betrekking tot 'n persoonlike belasting of inkomstebelasting hefbaar ingevolge 'n ordonnansie van 'n provinsiale raad, 'n tydperk, hetsy van twaalf maande al dan nie, ten opsigte waarvan sodanige belasting hefbaar is.

(2) Behoudens sub-artikel (3) van hierdie artikel is die bepalings van artikel *drie*, sub-artikels (1) en (3) van artikel *vier*, artikels *vyf-en-sestig*, *ses-en-sestig*, *agt-en-sestig*, *drie-en-sewentig*, *vier-en-sewentig*, *vyf-en-sewentig*, *ses-en-sewentig* en *sewe-en-sewentig*, sub-artikel (1) van artikel *agt-en-sewentig* en artikels *nege-en-sewentig*, *tagtig*, *nege-en-tagtig* tot en met *twee-en-negentig*, *vier-en-negentig* tot en met *sewe-en-negentig*, *nege-en-negentig*, *honderd*, *honderd-en-twee*, *honderd-en-vier*, *honderd-en-vyf* en *honderd-ens mutatis mutandis* van toepassing by die toepassing van 'n ordonnansie van 'n provinsiale raad wat enige belasting op persone of die inkomstes van ander persone as maatskappye hef asof bedoelde bepalings as deel van sodanige ordonnansie verorden was.

(3) By die toepassing van sub-artikel (2)—

(a) word 'n verwysing in die bepalings in daardie sub-artikel bedoel—

(i) na hierdie Wet as 'n verwysing na die betrokke ordonnansie uitgelê;

(ii) na belasting of normale belasting as 'n verwysing na die persoonlike belasting of inkomstebelasting hefbaar ingevolge die betrokke ordonnansie uitgelê;

(iii) na 'n belastingpligtige as 'n verwysing na 'n persoon belasbaar met 'n persoonlike of inkomstebelasting hefbaar ingevolge die betrokke ordonnansie uitgelê;

(iv) na 'n amptenaar wat die bepalings van hierdie Wet uitvoer as 'n verwysing na 'n amptenaar wat die bepalings van die betrokke ordonnansie uitvoer, uitgelê;

(v) na 'n opgawe ten opsigte van 'n jaar van aanslag wat ingevolge hierdie Wet verstrek moet word, in die geval van iemand wat nie 'n inkomstebelastingbetaler is nie, as 'n verwysing na 'n verklaring ten opsigte van 'n jaar van aanslag wat deur so iemand ingevolge die betrokke ordonnansie verstrek moet word, uitgelê;

(b) word 'n opgawe wat ingevolge hierdie Wet deur iemand wat by die toepassing van hierdie artikel 'n inkomstebelastingbetaler is, verstrek moet word, geag 'n opgawe te wees wat vir die doeleindes van die betrokke ordonnansie verstrek moet word;

(c) is die bepalings van sub-artikels (1) tot en met (5) van artikel *ses-en-sestig* en artikels *sewe-en-sewentig* en *nege-en-sewentig* nie vir die doeleindes van die betrokke ordonnansie van toepassing nie in die geval van iemand wat ten opsigte van die onderhawige jaar van aanslag nie 'n inkomstebelastingbetaler is nie;

(d) is die bepalings van artikel *ses-en-sewentig* nie van toepassing nie ten opsigte van 'n belasting op persone beoog in sub-paragraaf (a) van paragraaf 8 van die Eerste Bylae by die Konsolidasie- en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, 1945 (Wet No. 38 van 1945);

(e) indien 'n beswaar of appèl ingevolge die bepalings van paragraaf (b) van sub-artikel (2) van artikel *ses-en-sewentig*, soos deur hierdie artikel toegepas, aangeteken word, is die bepalings van hierdie Wet betreffende 'n beswaar of appèl ingevolge bedoelde paragraaf (b) *mutatis mutandis* van toepassing;

(f) ondanks die bepalings van sub-artikel (1) van artikel *nege-en-tagtig*, soos deur hierdie artikel toegepas, word die persoonlike belasting deur

who is not an income tax payer shall be payable within such period as the relevant ordinance may prescribe, and any reference in sub-section (2) of the said section to the date on which tax has become payable shall in relation to such person be construed as a reference to the day immediately succeeding the period for payment prescribed as aforesaid;

- (g) the additional charge imposed under section *seventy-six*, as applied by this section, any interest payable in terms of section *eighty-nine*, as applied by this section, or section *eighty-nine bis*, as applied by this section, shall be deemed to have been imposed under or to be payable in terms of the relevant ordinance, and shall, subject to the provisions of paragraph 33 of the Fourth Schedule, accrue for the benefit of the provincial revenue fund of the province concerned.”.

Addition of Fourth Schedule to Act 58 of 1962.

19. The Schedule to this Act is hereby added to the principal Act as the Fourth Schedule thereto, and shall be deemed to be and shall be construed and applied as one with the principal Act.

Amendment of long title of Act 58 of 1962.

20. The long title of the principal Act is hereby amended by the addition of the words “to provide for the recovery of taxes on persons and the incomes of persons levied by the provinces on income tax payers, to provide for interest to be paid on late payments of such provincial taxes, to provide for certain provisions to be applied for the purposes of any ordinance of a provincial council imposing a tax on persons or on the incomes of persons, to provide for the deduction by employers of amounts from the remuneration of employees in respect of certain tax liabilities of employees, and to provide for the making of provisional tax payments and for the payment into the Consolidated Revenue Fund and the various provincial revenue funds of portions of the normal tax and the said provincial taxes (excluding the normal tax imposed on companies) and interest and other charges in respect of such taxes”.

Amendment of section 49 of Act 24 of 1936.

21. Section *forty-nine* of the Insolvency Act, 1936, is hereby amended with effect from the first day of March, 1963, by the addition of the following sub-section, the existing section becoming sub-section (1):

“(2) Nothing in this section shall be construed as preventing the Commissioner for Inland Revenue from proving in the manner provided in this Act a claim against the estate of a partnership in respect of any sum referred to in paragraph (b) of section *one hundred and one*, or any interest due on such sum.”.

Amendment of section 101 of Act 24 of 1936, as substituted by section 32 of Act 80 of 1961.

22. Section *one hundred and one* of the Insolvency Act, 1936, is hereby amended with effect from the first day of March, 1963, by the insertion after paragraph (a) of the following paragraph:

“(a)*bis* any amount payable by the insolvent under any Act of Parliament by way of interest in respect of any period prior to the date of sequestration of his estate in respect of any tax referred to in paragraph (a);”.

Amendment of section 1 of Act 38 of 1945.

23. Section *one* of the Financial Relations Consolidation and Amendment Act, 1945, is hereby amended by the insertion in the definition of “year of assessment” after the word “period” of the words “whether or not”.

Amendment of section 8 of Act 38 of 1945, as amended by section 1 of Act 45 of 1954 and section 11 of Act 64 of 1960.

24. Section *eight* of the Financial Relations Consolidation and Amendment Act, 1945, is hereby amended by the substitution for sub-paragraph (ii) of paragraph (b) of sub-section (4) of the following sub-paragraph:

“(ii) The percentage referred to in sub-paragraph (i) shall be fixed by the provincial council of each province in respect of each year of assessment, but the percentage fixed by any province in respect of any year of assessment ending during any calendar year shall not vary from the percentage fixed by that province in respect of any other year of assessment ending during that calendar year.”.

iemand wat nie 'n inkomstebelastingbetaler is nie binne 'n tydperk wat die betrokke ordonnansie voorskryf, betaal, en word 'n verwysing in sub-artikel (2) van genoemde artikel na die datum waarop belasting betaalbaar geword het, met betrekking tot so iemand as 'n verwysing na die dag onmiddellik na die aldus voorgeskrewe tydperk vir betaling uitgelê;

- (g) word die addisionele heffing opgelê by artikel *ses-en-sewentig*, soos deur hierdie artikel toegepas, enige rente betaalbaar ingevolge artikel *nege-en-tagtig*, soos deur hierdie artikel toegepas, of artikel *nege-en-tagtig bis*, soos deur hierdie artikel toegepas, geag ingevolge die betrokke ordonnansie opgelê te gewees het of betaalbaar te wees en val dit, behoudens die bepalings van paragraaf 33 van die Vierde Bylae, ten bate van die provinsiale inkomstefonds van die betrokke provinsie toe."

19. Die Bylae by hierdie Wet word hierby as die Vierde Bylae van die Hoofwet daarby gevoeg, en word geag deel van die Hoofwet te wees en dienooreenkomstig uitgelê en toegepas. Byvoeging van Vierde Bylae by Wet 58 van 1962.

20. Die lang titel van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde „om voorsiening te maak vir die verhaal van belastinge op persone en die inkomstes van persone deur die provinsies op inkomstebelastingbetalers gehef, om voorsiening te maak vir die betaling van rente op agterstallige betalings van bedoelde provinsiale belastinge, om voorsiening te maak vir die toepassing van sekere bepalings vir die doeleindes van enige ordonnansie van 'n provinsiale raad wat 'n belasting op persone of die inkomstes van persone hef, om voorsiening te maak vir die aftrek deur werkgewers van die besoldiging van werknemers van bedrae ten opsigte van die aanspreeklikheid van werknemers vir sekere belastinge, en om voorsiening te maak vir voorlopige belastingbetalings en vir die betaling aan die Gekonsolideerde Inkomstefonds en die onderskeie provinsiale inkomstefondse van gedeeltes van die normale belasting en bedoelde provinsiale belastinge (behalwe die normale belasting op maatskappye gehef) en die rente en ander heffings ten opsigte van bedoelde belastinge" by te voeg. Wysiging van lang titel van Wet 58 van 1962.

21. Artikel *nege-en-veertig* van die Insolvensiewet, 1936, word hierby met ingang van die eerste dag van Maart 1963 gewysig deur die volgende sub-artikel by te voeg terwyl die bestaande artikel sub-artikel (1) word: Wysiging van artikel 49 van Wet 24 van 1936.

„(2) Die bepalings van hierdie artikel word nie so uitgelê dat dit die Kommissaris van Binnelandse Inkomste belet om op die wyse in hierdie Wet voorgeskryf 'n vordering teen die boedel van 'n vennootskap ten opsigte van 'n som bedoel in paragraaf (b) van artikel *honderd-en-een* of enige verskuldigde rente op sodanige som te bewys nie."

22. Artikel *honderd-en-een* van die Insolvensiewet, 1936, word hierby met ingang van die eerste dag van Maart 1963 gewysig deur na paragraaf (a) die volgende paragraaf in te voeg: Wysiging van artikel 101 van Wet 24 van 1936, soos vervang deur artikel 32 van Wet 80 van 1961.

„(a)*bis* enige bedrag deur die insolvent ingevolge 'n Parlements-wet betaalbaar by wyse van rente ten opsigte van 'n tydperk voor die datum van sekwestrasie van sy boedel ten opsigte van 'n belasting in paragraaf (a) bedoel;"

23. Artikel *een* van die Konsolidasie- en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, 1945, word hierby gewysig deur in die omskrywing van „jaar van aanslag" die woorde „van twaalf maande" deur die woorde „hetsy van twaalf maande al dan nie" te vervang. Wysiging van artikel 1 van Wet 38 van 1945.

24. Artikel *agt* van die Konsolidasie- en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, 1945, word hierby gewysig deur sub-paragraaf (ii) van paragraaf (b) van sub-artikel (4) deur die volgende sub-paragraaf te vervang: Wysiging van artikel 8 van Wet 38 van 1945 soos gewysig deur artikel 1 van Wet 45 van 1954 en artikel 11 van Wet 64 van 1960.

„(ii) Die persentasie bedoel in sub-paragraaf (i) word deur die provinsiale raad van elke provinsie ten opsigte van elke jaar van aanslag vasgestel, maar die persentasie deur 'n provinsie vasgestel ten opsigte van 'n jaar van aanslag wat gedurende 'n kalenderjaar eindig, verskil nie van die persentasie deur daardie provinsie vasgestel ten opsigte van enige ander jaar van aanslag wat gedurende daardie kalenderjaar eindig nie."

Amendment of section 9 of Act 38 of 1945

25. Section *nine* of the Financial Relations Consolidation and Amendment Act, 1945, is hereby amended with effect from the first day of April, 1963—

- (a) by the deletion in sub-section (1) of the words "at a rate exceeding";
- (b) by the substitution in paragraph (a) of the said sub-section for the words following the word "of" where it occurs for the first time of the words "any tax referred to in sub-section (4) of section *eight*";
- (c) by the substitution in paragraph (b) of the said sub-section for the words "the personal tax" of the words "a tax referred to in sub-section (4) of section *eight* at a rate exceeding" and by the addition to that paragraph of the following proviso:
"Provided that any such penalty shall not exceed the total amount of the tax payable."; and
- (d) by the deletion of sub-section (2).

Amendment of First Schedule to Act 38 of 1945, as amended by section 1 of Act 22 of 1946 and section 2 of Act 70 of 1956.

26. The First Schedule to the Financial Relations Consolidation and Amendment Act, 1945, is hereby amended by the substitution in item (b) of paragraph 8 for the words "persons other than companies" of the words "persons (other than companies) including any person as defined in the Income Tax Act, 1962 (Act No. 58 of 1962)."

Amendment of section 21 of Act 23 of 1956, as amended by section 18 of Act 77 of 1962.

27. Section *twenty-one* of the Exchequer and Audit Act, 1956, is hereby amended with effect from the first day of April, 1963—

- (a) by the substitution for paragraph (a) of sub-section (4) of the following paragraph:
"(a) Nothing in this section contained shall be construed as preventing the Commissioner for Inland Revenue from paying monthly into the Exchequer Account and the various provincial revenue funds such portions of the normal, super, employees' and provisional taxes collected under the income tax laws of the Republic, the taxes imposed by the provinces on persons and the incomes of persons and the interest, penalties and amounts by way of additional tax collected in respect of such taxes, as in terms of the income tax laws of the Republic accrue for the benefit respectively of the Consolidated Revenue Fund and the said provincial revenue funds."; and
- (b) by the deletion of paragraphs (a)*bis* to (e), inclusive, of the said sub-section.

Amendment of section 6 of Act 90 of 1962.

28. Section *six* of the Income Tax Amendment Act, 1962, is hereby amended by the substitution in sub-section (2) for the expression "thirtieth day of June" of the expression "twenty-eighth day of February".

Amendment of section 10 of Act 90 of 1962.

29. Section *ten* of the Income Tax Amendment Act, 1962, is hereby amended by the substitution in sub-section (2) for the expression "thirtieth day of June" of the expression "twenty-eighth day of February".

Repeal of section 36 of Act 90 of 1962.

30. Section *thirty-six* of the Income Tax Amendment Act, 1962, is hereby repealed with effect from the first day of March, 1963.

Discharge of loan portion of normal or super tax in respect of year of assessment ended 30th June, 1953, 1957, 1958 or 1959 due by persons who have not paid such tax in full.

31. (1) If any person has not prior to the first day of April, 1963, paid in full the amount of normal or super tax for which he has been assessed under the Income Tax Act, 1941 (Act No. 31 of 1941), in respect of any of the years of assessment ended the thirtieth day of June, 1953, 1957, 1958 or 1959 his liability for such tax shall be reduced by such portion of such amount as in terms of the provisions of section *two* of the Income Tax Act, 1953 (Act No. 34 of 1953), section *three* of the Income Tax Act, 1957 (Act No. 61 of 1957), section *three* of the Income Tax Act, 1958 (Act No. 36 of 1958) or section *three* of the Income Tax Act, 1959 (Act No. 78 of 1959), is a loan portion, and in such case the person concerned shall not be entitled under the said provisions to repayment of any portion of the normal or super tax paid by him in respect of the year of assessment in question.

25. Artikel *nege* van die Konsolidasie- en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, 1945, word hierby met ingang van die eerste dag van April 1963 gewysig—

Wysiging van artikel 9 van Wet 38 van 1945.

- (a) deur in sub-artikel (1) die woorde „teen skale wat hoër is dan” te skrap;
- (b) deur in paragraaf (a) van genoemde sub-artikel die woorde na die woord „van” waar dit die eerste maal voorkom deur die woorde „’n belasting in sub-artikel (4) van artikel *agt* bedoel” te vervang;
- (c) deur in paragraaf (b) van genoemde sub-artikel die woorde „die persoonlike belasting” deur die woorde „’n belasting in sub-artikel (4) van artikel *agt* bedoel teen ’n skaal wat hoër is as” te vervang en deur die volgende voorbehoudsbepaling by daardie paragraaf te voeg:
„Met dien verstande dat so ’n boete die totale bedrag van die betaalbare belasting nie te bowe gaan nie.”; en
- (d) deur sub-artikel (2) te skrap.

26. Die Eerste Bylae by die Konsolidasie- en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, 1945, word hierby gewysig deur in item (b) van paragraaf 8 die woorde „ander persone dan maatskappye” deur die woorde „persone (behalwe maatskappye) met inbegrip van ’n persoon soos in die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962), omskryf.”

Wysiging van Eerste Bylae by Wet 38 van 1945, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 22 van 1946 en artikel 2 van Wet 70 van 1956.

27. Artikel *een-en-twintig* van die Skatkis- en Ouditwet, 1956, word hierby met ingang van die eerste dag van April 1963 gewysig—

Wysiging van artikel 21 van Wet 23 van 1956, soos gewysig deur artikel 18 van Wet 77 van 1962.

- (a) deur paragraaf (a) van sub-artikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:
„(a) Geen bepaling van hierdie artikel word so uitgelê nie dat dit die Kommissaris van Binnelandse Inkomste belet om maandeliks in die Skatkisrekening en die verskeie provinsiale inkomstefondse dié gedeeltes van die normale, super-, werknemers- en voorlopige belastings ingevolge die inkomstebelastingwette van die Republiek ingevorder, die belastings deur die provinsies op persone en die inkomstes van persone gehef, en die rente, boetes en bedrae by wyse van addisionele belasting ten opsigte van bedoelde belastings ingevorder, te stort wat ingevolge die inkomstebelastingwette van die Republiek onderskeidelik ten bate van die Gekonsolideerde Inkomstefonds en bedoelde provinsiale inkomstefondse toeval.”; en
- (b) deur paragrawe (a)bis tot en met (e) van genoemde sub-artikel te skrap.

28. Artikel *ses* van die Wysigingswet op Inkomstebelasting, 1962, word hierby gewysig deur in sub-artikel (2) die uitdrukking „dertigste dag van Junie” deur die uitdrukking „agt-en-twintigste dag van Februarie” te vervang.

Wysiging van artikel 6 van Wet 90 van 1962.

29. Artikel *tien* van die Wysigingswet op Inkomstebelasting, 1962, word hierby gewysig deur in sub-artikel (2) die uitdrukking „dertigste dag van Junie” deur die uitdrukking „agt-en-twintigste dag van Februarie” te vervang.

Wysiging van artikel 10 van Wet 90 van 1962.

30. Artikel *ses-en-dertig* van die Wysigingswet op Inkomstebelasting, 1962, word hierby met ingang van die eerste dag van Maart 1963 herroep.

Herroeping van artikel 36 van Wet 90 van 1962.

31. (1) Indien enige persoon nie voor die eerste dag van April 1963 die bedrag aan normale of superbelasting waarvoor hy ingevolge die Inkomstebelastingwet, 1941 (Wet No. 31 van 1941), ten opsigte van enige van die jare van aanslag geëindig op die dertigste dag van Junie 1953, 1957, 1958 of 1959 aanslaan is ten volle betaal het nie, word sy aanspreeklikheid vir sodanige belasting met die gedeelte van bedoelde bedrag verminder wat ingevolge die bepalings van artikel *twee* van die Inkomstebelastingwet, 1953 (Wet No. 34 van 1953), artikel *drie* van die Inkomstebelastingwet, 1957 (Wet No. 61 van 1957), artikel *drie* van die Inkomstebelastingwet, 1958 (Wet No. 36 van 1958), of artikel *drie* van die Inkomstebelastingwet, 1959 (Wet No. 78 van 1959), ’n leningsgedeelte is, en in so ’n geval is die betrokke persoon nie ingevolge bedoelde bepalings op ’n terugbetaling van ’n gedeelte van die normale of superbelasting deur hom ten opsigte van die betrokke jaar van aanslag betaal, er egtig nie.

Kwytstelling van leningsgedeelte van normale of superbelasting ten opsigte van jaar van aanslag geëindig 30 Junie 1953, 1957, 1958 of 1959 verskuldig deur persone wat sodanige belasting nie ten volle betaal het nie.

(2) If the liability of any person for any tax referred to in sub-section (1) has in terms of that sub-section been reduced by an amount which exceeds the balance of that tax owing by him in respect of the year of assessment in question the Commissioner may, having regard to the circumstances of the case, refund without interest the excess to such person or retain it as a set-off against the liability of such person for any other tax, or interest in respect of such tax, for which he is or may become liable under the provisions of any Income Tax Act or the ordinance of any provincial council imposing any tax on persons or the incomes of persons.

Commencement of certain amendments. 32. The amendments effected to the principal Act by sections *thirteen to sixteen*, inclusive, shall come into operation on the first day of April, 1963.

Short title. 33. This Act shall be called the Income Tax Amendment Act, 1963.

Schedule.

(Fourth Schedule to Act No. 58 of 1962.)

AMOUNTS TO BE DEDUCTED OR WITHHELD BY EMPLOYERS AND PROVISIONAL PAYMENTS IN RESPECT OF NORMAL TAX AND PROVINCIAL TAXES.

(Section *eighty-nine bis* of this Act.)

PART I.

DEFINITIONS.

1. For the purposes of this Schedule, unless the context otherwise indicates—

- (i) "Bantu person" means a native as defined in section *nineteen* of the Natives Taxation and Development Act, 1925 (Act No. 41 of 1925); (i)
- (ii) "employee" means any person (other than a company) who receives any remuneration or to whom any remuneration accrues; (ix)
- (iii) "employees' tax" means the tax required to be deducted or withheld by an employer in terms of paragraph 2 from remuneration paid or payable to an employee; (x)
- (iv) "employees' tax certificate" means a certificate required to be issued by an employer in terms of paragraph 13; (xi)
- (v) "employer" means any person (excluding any person not acting as a principal, but including any person acting in a fiduciary capacity or in his capacity as a trustee in an insolvent estate, an executor or an administrator of a benefit fund, pension fund, provident fund, retirement annuity fund or any other fund) who pays or is liable to pay to any person other than a company any amount by way of remuneration, and any company; (viii)
- (vi) "provincial income tax" means any tax on the incomes of persons levied by any provincial council; (iv)
- (vii) "provincial taxes" means the taxes on persons and on the incomes of persons levied by any provincial council; (iii)
- (viii) "provisional tax" means any payment required to be made in terms of paragraph 17; (vi)
- (ix) "provisional taxpayer" means—
 - (a) any person (other than a company or a person referred to in sub-paragraph (1) of paragraph 18) who derives by way of income any amount which does not constitute remuneration in terms of the definition of that expression in this paragraph;
 - (b) any director of a private company unless the Commissioner in the particular case otherwise directs;
 - (c) any company which does not derive income from mining for gold; and
 - (d) any person (other than a person referred to in item (c) of sub-paragraph (1) of paragraph 18 or a company which derives income from mining for gold) who is notified by the Commissioner that he is a provisional taxpayer; (vii)
- (x) "remuneration" means any amount of income which is paid or is payable to any person by way of any salary, leave pay, allowance, wage, overtime pay, bonus, gratuity, commission, fee, emolument, pension, superannuation allowance, retiring allowance or stipend, whether in cash or otherwise and whether or not in respect of services rendered, including—
 - (a) any amount referred to in paragraph (a), (c), (d), (e) or (f) of the definition of "gross income" in section *one* of this Act;
 - (b) the value of any benefit or advantage referred to in paragraph (i) of that definition, but not including—

(2) Indien die aanspreeklikheid van enige persoon vir 'n belasting in sub-artikel (1) bedoel ingevolge daardie sub-artikel met 'n bedrag verminder is wat die balans van dié belasting deur hom ten opsigte van die betrokke jaar van aanslag verskuldig te bowe gaan, kan die Kommissaris met inagneming van die omstandighede van die geval die oorskot sonder rente aan bedoelde persoon terugbetaal of dit hou om dit in vermindering te bring teen die aanspreeklikheid van bedoelde persoon vir enige ander belasting, of rente ten opsigte van sodanige belasting, waarvoor hy ingevolge die bepalings van enige Inkomste-belastingwet of die ordonnansie van 'n provinsiale raad wat 'n belasting op persone of die inkomstes van persone hef, aanspreeklik is of mag word.

32. Die wysigings deur artikels *dertien* tot en met *sestien* in die Hoofwet aangebring, tree in werking op die eerste dag van April 1963. Inwerkingtreding van sekere wysigings.

33. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Inkomstebelasting, Kort titel. 1963.

Bylae.

(Vierde Bylae by Wet No. 58 van 1962.)

BEDRAE WAT DEUR WERKGEWERS AFGETREK OF TERUGGEHOU MOET WORD EN VOORLOPIGE BETALINGS TEN OPSIGTE VAN NORMALE BELASTING EN PROVINSIALE BELASTINGS.

(Artikel *nege-en-tagtig bis* van hierdie Wet.)

DEEL I.

WOORDBEPALING.

1. By die toepassing van hierdie Bylae, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

- (i) „Bantoe persoon” 'n naturel soos omskryf in artikel *negentien* van die Naturelle Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet No. 41 van 1925); (i)
- (ii) „besoldiging” 'n bedrag aan inkomste wat by wyse van salaris, verlofgratifikasie, toelae, loon, besoldiging vir oortydwerk, bonus, gratifikasie, kommissie, gelde, vergoeding, pensioen, toelae by bereiking van pensioenleeftyd, aftreetoelae, stipendium of traktement aan iemand betaal word of betaalbaar is, hetsy in kontant of andersins, en ongeag of dit ten opsigte van bewese dienste is al dan nie, met inbegrip van—
 - (a) enige bedrag in paragraaf (a), (c), (d), (e) of (f) van die omskrywing van „bruto inkomste” in artikel *een* van hierdie Wet bedoel;
 - (b) die waarde van enige voordeel of bate in paragraaf (f) van daardie omskrywing bedoel, maar nie ook—
 - (i) 'n bedrag betaal of betaalbaar aan iemand ten opsigte van dienste deur hom bewys of wat nog deur hom bewys moet word as 'n huis- of private bediende of plaasarbeider, indien bedoelde bedrag bereken word teen 'n skaal wat vierhonderd-en-tagtig rand per jaar nie te bowe gaan nie;
 - (ii) 'n bedrag betaal of betaalbaar ten opsigte van bewese dienste of dienste wat nog bewys moet word deur iemand (behalwe iemand wat nie gewoonlik in die Republiek woonagtig is nie) in die loop van 'n bedryf wat deur hom onafhanklik van die persoon deur wie bedoelde bedrag betaal word of betaalbaar is, beoefen word nie;
 - (iii) 'n pensioen of bykomende pensioen ingevolge die Ouderdomspensioenwet, 1962 (Wet No. 38 van 1962), of die Wet op Blindes, 1962 (Wet No. 39 van 1962), 'n ongeskiktheidstoelae of toelae of bykomende toelae ingevolge die Wet op Ongeskiktheidstoelae, 1962 (Wet No. 41 van 1962), of 'n toekenning of bydrae ingevolge die bepalings van artikel *nege-en-tagtig* van die Kinderwet, 1960 (Wet No. 33 van 1960), nie;
 - (iv) 'n bedrag betaal of betaalbaar aan 'n direkteur van 'n private maatskappy ten opsigte van dienste wat deur dié direkteur aan bedoelde maatskappy bewys is of nog bewys moet word nie; tensy die Kommissaris in die besondere geval anders gelas;
 - (v) 'n bedrag betaal of betaalbaar aan 'n Bantoe persoon ten opsigte van dienste wat deur dié Bantoe persoon bewys is of nog deur hom bewys moet word, indien bedoelde bedrag bereken word teen 'n skaal wat seshonderd rand per jaar nie te bowe gaan nie;
 - (vi) 'n bedrag betaal of betaalbaar aan 'n werknemer geheel en al ter bestryding van onkoste werklik deur dié werknemer in die loop van sy diens aangegaan, asook betalings ter bestryding van onkoste in artikel *nege-en-twintig* van hierdie Wet bedoel nie;
 - (vii) 'n bedrag by wyse van direkteursgelde deur 'n publieke maatskappy betaal of betaalbaar aan 'n persoon wat gewoonlik in die Republiek woonagtig is, indien geen ander bedrae wat besoldiging ingevolge hierdie omskrywing uitmaak deur bedoelde maatskappy aan dié persoon betaal is of betaalbaar geword het nie;

- (i) any amount paid or payable to any person in respect of services rendered or to be rendered by him as a domestic or private servant or farm labourer if such amount is calculated at a rate not exceeding four hundred and eighty rand per annum;
- (ii) any amount paid or payable in respect of services rendered or to be rendered by any person (other than a person who is not ordinarily resident in the Republic) in the course of any trade conducted by him independently of the person by whom such amount is paid or payable;
- (iii) any pension or additional pension under the Old Age Pensions Act, 1962 (Act No. 38 of 1962), or the Blind Persons Act, 1962 (Act No. 39 of 1962), any disability grant or grant or additional grant under the Disability Grants Act, 1962 (Act No. 41 of 1962), or any grant or contribution under the provisions of section *eighty-nine* of the Children's Act, 1960 (Act No. 33 of 1960);
- (iv) any amount paid or payable to any director of any private company in respect of services rendered or to be rendered by such director to such company, unless the Commissioner in the particular case otherwise directs;
- (v) any amount paid or payable to any Bantu person in respect of services rendered or to be rendered by such Bantu person, if such amount is calculated at a rate not exceeding six hundred rand per annum;
- (vi) any amount paid or payable to any employee wholly in reimbursement of expenditure actually incurred by such employee in the course of his employment including such payments made to meet expenditure as are referred to in section *twenty-nine* of this Act;
- (vii) any amount of director's fees paid or payable by a public company to any person who is ordinarily resident in the Republic, if no other amounts constituting remuneration in terms of this definition have been paid or become payable to such person by such company;
- (viii) any annuity under an order of divorce or decree of judicial separation or under any agreement of separation; (ii)
- (xi) "representative employer" means—
 - (a) in the case of any company, the public officer of that company, or, in the event of such company being placed in liquidation or under judicial management, the liquidator or judicial manager, as the case may be;
 - (b) in the case of any divisional council, municipal council, village management board or like authority or any body corporate or unincorporate (other than a company or a partnership) any manager, secretary, officer or other person responsible for paying remuneration on behalf of such council, board, authority or body;
 - (c) in the case of a person under legal disability, any guardian, curator, administrator or other person having the management or control of the affairs of the person under legal disability; or
 - (d) in the case of any employer who is not ordinarily resident in the Republic, any agent of such employer having authority to pay remuneration, but nothing in this definition shall be construed as relieving any person from any liability, responsibility or duty imposed upon him by this Schedule. (v)

PART II.

EMPLOYEES' TAX.

EMPLOYERS TO DEDUCT TAX.

2. (1) Every person (whether or not registered as an employer under paragraph 15) who pays or becomes liable to pay any amount by way of remuneration to any employee on or after the first day of March, 1963, shall, unless the Commissioner has granted authority to the contrary, deduct or withhold from that amount by way of employees' tax an amount which shall be determined as provided in paragraph 9, 10, 11 or 12, whichever is applicable, in respect of the liability for normal and provincial taxes of that employee, or, in the case of an employee who is a married woman and is not separately assessed from her husband in terms of subsection (6) of section *seventy-seven* of this Act, in respect of such liability of her husband, and shall pay the amount so deducted or withheld to the Commissioner within seven days after the end of the month during which the amount was deducted or withheld, or in the case of a person who ceases to be an employer, within seven days after the day on which he ceases to be an employer, or in either case within such further period as the Commissioner may approve.

(2) Any employer may, at the written request of any employee, deduct or withhold from any amount of remuneration an amount by way of employees' tax greater than that required to be deducted or withheld in terms of sub-paragraph (1), and shall remit such amount to the Commissioner, and the provisions of this Schedule relating to employees' tax shall *mutatis mutandis* apply in respect of such amount.

(3) For the purposes of this paragraph "month" means any of the twelve portions into which any calendar year is divided.

(4) Any amount required to be deducted or withheld from any amount of remuneration under this Schedule by way of employees' tax shall be calculated on the balance of such amount of remuneration remaining after deducting any current contribution by the employee concerned to any pension fund or retirement annuity fund (excluding so much of such contribution to a pension fund not established by law as is made at a rate exceeding four hundred rand per annum and so much of such contribution to a retirement annuity fund as, taken together with any current

- (viii) 'n jaargeld ingevolge 'n egskeidingsbevel of 'n geregtelike bevel tot of ooreenkoms van skeiding van tafel en bed nie; (x)
- (iii) „provisiale belastings” die belastings deur 'n provinsiale raad op persone en op die inkomstes van persone gehef; (vii)
- (iv) „provisiale inkomstebelasting” 'n belasting deur 'n provinsiale raad op die inkomstes van persone gehef; (vi)
- (v) „verteenwoordigende werkgewer”—
 - (a) in die geval van 'n maatskappy, die openbare amptenaar van daardie maatskappy, of, ingeval die maatskappy gelikwieder of onder geregtelike bestuur geplaas word, die likwidateur of geregtelike bestuurder, na gelang van die geval;
 - (b) in die geval van 'n afdelingsraad, munisipale raad, dorpsbestuur of dergelike gesag of 'n liggaam van persone (behalwe 'n maatskappy of 'n vennootskap), hetsy met regs persoonlikheid beklee al dan nie, 'n bestuurder, sekretaris, ampsbekleër of ander persoon wat vir die betaling van besoldiging namens bedoelde raad, bestuur, gesag of liggaam verantwoordelik is; of
 - (c) in die geval van 'n regsonbevoegde persoon, 'n voog, kurator, administrateur of ander persoon wat die sake van die regsonbevoegde persoon bestuur of beheer; of
 - (d) in die geval van 'n werkgewer wat nie gewoonlik in die Republiek woonagtig is nie, enige agent van bedoelde werkgewer wat gemagtig is om besoldiging te betaal, maar die bepaling van hierdie omskrywing word nie so uitgelê dat dit 'n persoon onthef van aanspreeklikheid, verantwoordelikheid of 'n verpligting hom deur hierdie Bylae opgelê nie; (xi)
- (vi) „voorlopige belasting” 'n betaling wat ingevolge paragraaf 17 gemaak moet word; (viii)
- (vii) „voorlopige belastingpligtige”—
 - (a) 'n persoon (behalwe 'n maatskappy of 'n persoon in sub-paragraaf (1) van paragraaf 18 bedoel) wat by wyse van inkomste 'n bedrag verkry wat nie besoldiging ingevolge die omskrywing van daardie uitdrukking in hierdie paragraaf uitmaak nie;
 - (b) 'n direkteur van 'n private maatskappy tensy die Kommissaris in die besondere geval anders gelas;
 - (c) 'n maatskappy wat nie inkomste uit goudmynbou verkry nie; en
 - (d) 'n persoon (behalwe 'n persoon in item (c) van sub-paragraaf (1) van paragraaf 18 bedoel of 'n maatskappy wat inkomste uit goudmynbou verkry) wat deur die Kommissaris in kennis gestel word dat hy 'n voorlopige belastingpligtige is; (ix)
- (viii) „werkgewer” 'n persoon (uitgesonderd 'n persoon wat nie as prinsipaal optree nie, maar met inbegrip van 'n persoon wat in 'n fidusiêre hoedanigheid of in die hoedanigheid van trustee van 'n insolvente boedel, 'n eksekuteur of 'n administrateur van 'n bystandsfonds, pensioenfonds, voorsorgsfonds, uittreding-annuïteitsfonds of enige ander fonds optree) wat aan 'n ander persoon as 'n maatskappy 'n bedrag by wyse van besoldiging betaal of verskuldig is, en elke maatskappy; (v)
- (ix) „werknemer” 'n persoon (behalwe 'n maatskappy) wat besoldiging ontvang of aan wie besoldiging toeval; (ii)
